PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com

ZIMBABWE – RADIO KING FISHER 13 MEI 2008

Ds Giep Louw - 18 Mei 2008

1. STATISTIEKE

BEVOLKING:	12.963.496
GODSDIENSTE :	68% Christelike Godsdiens
	30% Tradisioneel
CHRISTELIK:	
Protestants:	2.124.060
Katoliek:	1.250.000
Anglikaans:	325.000
Independent	5.825.600

2. GEMOEDSTOESTAND VAN DIE MENSE – DIE LEWE GAAN VOORT
   2.1. Die mense is ongelooflik vol moed. Rev Mutivira sê hulle het 'n nuwe gemeente gestig by Beitbrug. Hulle het ook 'n pastorie daar gebou en hulle moet nog net 'n dak op sit vir die pastorie.
   2.2. Die een dag lyk alles baie goed en die volgende dag word daar weer op alles koue water gegooi.
   2.3. Daar is baie mense wat aan sekondêre trauma ly. Dit is vir hulle baie moeilik om te midde van dit alles hulle geloof te behou.
   2.4. What I find missing is joy of the people – you hear them laughing, you hear them singing, but they are not joyful. Why should you be joyful when life is such a burden?
   2.5. The level of fear in this country is tangible – you can feel it.
   2.6. Ons is tot die uiterste bang en bevrees.

3. DIE LAS WAT OP DIE KERKE GELÊ WORD
   3.1. Die Methodiste kerk het 'n huis vir 160 weeskinders waar hulle 'n mooi werk doen. Hulle word daar versorg wat betref skoolfasiliteite, mediese dienste ens. Daar is ook projekte waar aan mense vaardighede geleer word sodat hulle hulleself kan versorg.
   3.2. Die kerke bied skuiling aan die voortvlugtendes maar hulle is baie versigtig want sodra daar 'n samedromming van mense op enige plek is, slaan die polisie toe.
   3.3. Geneeshere hou klinieke waar hulle mense wat aangerand is omdat hulle "verkeerd gestem het gratis behandel."

4. FINANSIËLE LASTE
   4.1. Dit word vir die kerke net te veel. Hulle word nou verplig om van hul vaste eiendomme te verkoop om hulle gewone lopende rekeninge te betaal. Buitelanders sien die situasie as 'n geleentheid om geld te maak en hulle koop eiendomme op om dit later weer teen wins te verkoop wanneer 'n ander regering aan bewind kom.
   4.2. Die wisselkoers is baie onbestendig. Twee weke gelede het jy nog R1.00 gewissel vir Z$10.000.000. Gister jy vir R1.00 Z$30.000.000 gekry.
   4.3. Die mense vrees die beskikbare geld gaan vir wapens en nie vir kos nie.

PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com
PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com

5. DIE POLITIEKE SITUASIE

Vanuit die buiteland word verwag dat inflasie nog baie verder gaan styg en dat daarmee saam die hoë vlak van politieke wrywing, burgerlike opstand en selfs burgeroorlog tot gevolg kan hê. Dit is nou baie naby! Die gevolge hiervan is onheilspellend want, sê die mense, "die opposisie is nie bewapen nie!"

"Ons is bevrees want wat gaan volgende vernietig word." Een gesin moes magteloos toekyk toe onluste polisie gewapen met AK47's, met stootskrapers hulle pragtige vyf slaapkamerhuis, wat al jare daar staan, kom platstoot omdat dit te na aan die lughawe is.

"Ons het julle hulp dringend nodig. Ons sit met lang toue vir brandstof, ons omgewing lê toe onder die rook, duisende mense wat geen huisvestig meer het nie loop rond sonder kos, water, skuiling en 'n slaapplek terwyl dit buite 0° Celsius is. Agt mense en kinders skuil al by ons en nog meer kom elke dag."

Ons het nog kos en 'n bietjie brandstof maar ons weet nie wat môre gaan gebeur nie. Ons kan nie meer kortgolf nuus luister nie wat dit word geblokkeer. Please! - do have some compassion and HELP!!"

"Indien daar vannag iets ou verkeerd gaan en ek wil vlug, het ek nie genoeg brandstof om enige grens te bereik nie!"

"I saw aged women coming to church without shoes. In my heart I felt that they were coming to church, and the only thing they were going to eat all day was the communion wafer."

"It is impossible to even buy a loaf of bread if you are not working. But how are people going to get anything - there are long queues and no money. I just experienced so many things, but for example I was standing by the main gate and the pastor brought a lady. She told me that she cannot buy food because she has no cash. They did try to come together to get a solution but it is impossible."

"Een Jong man kom vra, asvaal na 'n halwe dag se stap hierheen, 'kan hy asseblief werk vir kos vir sy siek suster?' Twee onderwyskollege studente kom huilend hier aan - hulle moes aan die begin van die termyn $100 miljoen betaal en moet nou 'n "top-up" van $400 miljoen betaal - hulle het nie busgeld om huis toe te gaan nie en hul ouers het in elk geval nie die geld nie - kan hulle asb werk daarvoor? 'n Gesiene skoolhoof is bereid om gedurende skoolvakansie landuit te gaan en selfs kruiwa te stoot om sy seuns se studiegeld te kan betaal!"

"*Saam met Paulus wil ons sê: " ...ons word verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ..oor raad verleë, maar nie radeloos nie, ...ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond gegooi, maar nie vernietig nie! Voortdurend word ons ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word*" *2 Kor 4 vers 8 – 11*

PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com
PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com

"Plaaswerkers en ander lede van die bevolking op die platteland ontgeld dit tans TOENEMEND omdat HULLE VERKEERD GESTEM HET".

"Die ergste ontwikkeling in die huidige opset in Zimbabwe is die sogenaamde "voters education program" van die Zanu-PF, waardeur veral die plattelandse bevolking waar daar 'n dramatiese swaai weg van die Zanu-PF na die MDC in die aflope verkiesing duidelik was, onder geweld en intimidasie deurloop. Van oral oor die land, van onafhanklike bronne, hoor ons dieselfde verskriklike verhaal."

"SOME 40,000 farm workers and their families have been displaced as a result of violence and intimidation by pro-government militias since Zimbabwe's elections, a union leader said today."

"If we don't speak, people of God will perish: let the blood of this nation not be upon us.
(Predikante uit Suid-Afrika)

6. PINKSTER:

"By die Pinksterbiduur moes hulle hoor dat gister is drie boere en hulle gesinne van hulle plase afgejaag. Later tydens die biduur daag twee voertuie op. Die een se buurman wat toe net afgejaag is, hy en sy gesin kom soek verblyf vir die nag. Elkeen wat in die biduur sit, verwag om vandag of môre afgejaag te word."

"Een van die boere sê dat hy nie meer die versie glo wat sê dat mens nie bokant jou kragte beproef sal word nie. 'n Ander een sê hy is moeg om in 'n "pie in the sky" te glo. Die feit dat ons vreemdelinge op aarde is en daar vir ons 'n heerlike erfenis wag, troos nie as jy vannag 'n paar goedjies bymekaar moet gaan sit vir môre se padgee nie. Klink vir hom ook soos opium. Ons sluit af met gebed. Smeek om 'n bietjie genade, mag dit hierdie keer anders wees as die vorige kere. Uit ervaring weet ons dat niemand te goed is om oorgeslaan te word nie. Die meeste was al 'n keer of wat afgejaag oor die afgelope 8 jaar en weet dat dit 'n werklikheid kan wees. En ons bid vir almal wat geslaan en gemartel word. Ons spreek af om weer byeen te kom vir vanaand se biduur. Sal maar sien of iemand nog in hulle huis is om dit in te hou."

"Toe ons gisteraand almal huis toe ry, wie weet vir die laaste keer, was daar nie troos nie. Nie op die oppervlak nie. Ons glo nie meer aan goedkoop antwoorde op moeilike vrae nie. Ons is al daardeur. Al wat ons kon doen, was om uit die diepte van ons hart te bid dat God tog moet help. Dit was ook goed dat elkeen maar kon sê wat hy voel, ook sy ongeloof en vrees uitdruk, sonder gevaar dat iemand wat nie verstaan nie, hom of haar gaan teregwys. Ons verstaan mekaar. En al was daar nie troos op die oppervlak nie, ken ek elkeen se hart en hoe hulle op die Here vertrou. Gisteraand was 'n geleentheid van saamwees en saamly. Saam uiting gee aan ons emosies, sodat ons kan beter voel. Met die troos in ons agterkop dat ons tog in God se hand leef. Dis nie die eerste keer dat ons bedreig word en deur swaar tye gaan nie. Dis ook nie die eerste keer wat ons opreg met God kan worstel nie. En eintlik weet ons Hy verstaan en is by ons. Maar ons bid nog vir uitkoms - dat môre nie so sleg sal afloop as wat ons verwag nie. "

PDF-XChange
Click to buy NOW!
www.docu-track.com

"Die groot betekenis van die Pinksterbiduur was uiteindelik om bymekaar te wees, in plaas daarvan dat elkeen by die huis sit met sy eie vrese vir more. Dalk is dit wat gemeenskap van die gelowiges regtig beteken."

"Gisteraand se pinkster biduur het toe nie plaasgevind nie. Die D's, E's en F's het gistermiddag nuus gekry dat hulle "besoek" gaan word en was besig om te pak en pad te gee dorp toe. Die (- distrik -) boere is almal polisie-stasie toe ontbied vir 'n vergadering 5 uur. Daar het 'n grootkop van die weermag hulle vir 3 uur lank toegespreek. Basies het hy twee goed gesê: die boere kan teruggaan plase toe, en die boere moet nie in politiek betrokke raak nie (over geset synde: help die regerende party, maar nie die ander party nie). Die dreigement was kwalik bedek: as ons julle vang 'n voet verkeerd sit, jaag ons julle af. G het self gesien hoe twee van hulle bure met weermag begeleiding terug is plaas toe vanoggend. En daar was toe geen besoek by hulle huise laasnag nie."

"I firmly believe in prayer. I am pastoring a church known as the prayerful church but I also believe that praying and praying and doing nothing is not going to be much good. I love it when Jesus says to people who are starving, "what do we have to eat?" and they say, only five loaves and five fishes and Jesus says, "bring it to me" – and he distributed – he prayed and then he acted. Something should be done before the nation is totally finished. I believe something must be done - if it will cost somebody to die then he must die – but something must be done for the sons of the soil here in Zimbabwe to survive. I believe there is something more we can do - let us not only pray, let us take action."

"Ons word omhoog gehou deur 'n gebedsbende binne en buite die landsgrense. Ja, hier is ook die baie christene wat glo dat God steeds in beheer is en dat Hy uitkoms SAL gee!"

'n Groot verskeidenheid kerke vra dat Christene ten alle koste moet uitreik na hul mede Christene in Zimbabwe – Bid - maar nie net bid nie – ook iets doen!